

MEMORANDUM

Lien se lankstaanskoene deur Derick van der Walt

PORTEFEULJETOETS 2013

=====

Vraag 1

- 1.1. Ek misbruik alkohol omdat my man in die tronk is en omdat ons gesinslewe verbrokkel het. Ons moes ook ons huis opgee en nou woon ons in 'n woonstel. **✓** (Enige RELEVANTE rede)
- 1.2. Ek luister na **klassieke musiek**. **✓**
- 1.3. Ja, ek werk by die Departement van Binnelandse Sake. **✓**
- 1.4. Ons het die film, Dr Zhivago, gekyk. **✓** (In die roman verwys Lien na "Dr Somebody")
- 1.5.** Gerhard (Kuifie) en Bets **✓ (2 x ½)**
- 1.6. Ek kan die klassieke klavier speel. **✓**
- 1.7. Schubert **✓** (bl. 13)
- 1.8. Ek dink Lien is kwaad vir my omdat ek altyd dronk is, nie kos vir die huis koop nie en omdat ek hulle nie ondersteun nie. (Enige **DRIE** goeie redes) **✓✓**

[10]

=====

Vraag 2

- 2.1. Lien se ma asook Sally se pa misbruik alkohol. **✓**
- 2.2. Agie is die nuuskierige seun wat oor Lien se skouer loer wanneer sy in die biblioteek werk. **✓**
- 2.3. Sy het vir Donovan en Dirkie gevra om Braam se krieketspan te borg. **✓**
- 2.4. Sy gaan die rol van Weird Maria vertolk. **✓**
- 2.5. Oom Frank en tannie Poppie is Lien se pa se broer en skoonsuster. **✓** (Lien se oom en tante)

[5]

=====

Vraag 3

Paragraafvraag (Hoofstuk 14 & 15)

Skryf 'n paragraaf (**180 - 200 woorde**) waarin jy skryf oor die eerste twee dae waarop Lien langs die straat gestaan en bedel het.

- Lien was skielik bang vir al die vreemde gesigte. Sy was dus senuweeagtig. Sy voel ook skuldig. (2)
- Lien voel skuldig oor die geld wat sy van ander mense vat sonder om daarvoor te werk. (1)
- Roos en Tibbey (2)
- Sy is aanvanklik skrikkerig vir Roos, maar sy hou baie van Tibbey. (2)
- Sy is baie bly oor die skoene wat sy gekoop het aangesien haar voete nie langer seer sal wees nie. (1)
Sy wil ook sonroom saamneem. / Sy wil 'n vrug saamneem. / Sy wil Energade saamneem. (1)
- Werkloos. Twee afhanklikes. Enige donasie welkom. Die Here seën u! (2)
- Roos sê vir Lien dat haar plakkaat te deftig (smart) is en dat die mense nie gaan glo dat sy arm is nie. (1)
- Lien wil geld spaar om oorsee te gaan reis. Sy moet kos en basiese behoeftes vir hul huishouding aankoop. Sy moet vir Braam nuwe beenskutte koop. (3)

Feite = 15

TOTAAL: [15]

=====

GROOTTOTAAL: [30]